


Liewe jongmense, dit is vir ons as leraars en Gemeenteraad ʼn groot voorreg om julle vanjaar in die BELYDENISGROEP te verwelkom.

**BELYDENIS VAN GELOOF AS ʼN "ROETEMERKER" OP DIE GELOOFSREIS**

ʼn "Roetemerker" verwys na ʼn geloofsmoment op jou lewensreis waar jy figuurlik gesproke anker gooi wanneer jy deur stormwaters gaan, of ʼn klipstapel bou by ʼn kruispad.

Elke mens het ʼn unieke lewenspad met verskillende deurgange wat gevier kan word. Nie almal beleef hierdie deurgange op dieselfde ouderdom of in dieselfde volgorde nie. Verskillende ouderdomsgroepe kan tog gedeelde ervarings hê, soos eerstes, laastes, oorwinnings, verliese en verbintenisse.

**WAT IS BELYDENIS VAN GELOOF?**

Belydenis van geloof is nie die afhandeling van kategese (ons glo in lewenslange geloofsleer), die toediening van heil, die verkryging van kerklike voorregte of ʼn tweede vlak lidmaatskap nie. Hoe kan hierdie tradisie dan sinvol gevier word sonder om teologies onverantwoordelik daarmee om te gaan?

In ʼn oorgangstyd word jy herinner wie jy is (ek is gedoop), aan Wie jy behoort (Jesus Christus) en wie jou ondersteun (die gemeente as geloofsfamilie). Dit help jou om deur die oorgangstyd te beweeg en jou geloof te vorm, te versterk en te vier. Wanneer ʼn ritueel hieraan gekoppel word, kan dit as ʼn "roetemerker" dien.

**BELYDENIS VAN GELOOF EN ROETEMERKERS**

Die waarde van belydenis van geloof in ons kerk is dat dit ʼn geleentheid bied om tydens ʼn natuurlike lewensdeurgang (tans die oorgang na jong volwassenheid) ʼn geestelike roetemerker te plaas. Die persoon word herinner wie hulle is, aan Wie hulle behoort en dat die gemeente hulle ondersteun.

Dit is belangrik om hierdie lewensfase van onsekerheid en verandering te erken en belydenis van geloof te sien as ’n geleentheid om geloof te vorm en te versterk, eerder as om dit te toets. Die gemeente bevestig (“affirm”) die persoon, en daarom behoort belydenis van geloof nou aan die doop gekoppel te bly.

**WAT GEBEUR BY DIE BELYDENISBYEENKOMSTE?**

Die belydenisgroep kom vir 9 weke elke Sondagmiddag (17:00-18:30) by die kerk bymekaar, woon die aandiens saam by, omdat dit van onmeetbare waarde in hul geloofsvorming is en omdat hulle ten volle deel is van die Geloofsfamilie. Daarna ontmoet hulle die kursusleier, Dr Johan Scholtz en ontdek saam wat dit beteken om te kan sê: “Ek glo”.

## WIE IS WELKOM BY DIE BELYDENISGROEP (VIR JONGMENSE)?

Die fokus is veral op tieners in Graad 12, maar jongmense wat pas klaargemaak het met skool en belydenis wil aflê, is ook welkom. Daar is nie voorwaardes of voorvereistes vir toelating tot die groep nie.

## KONTAKBESONDERHEDE

Kontak gerus Dr Johan Scholtz by 0826415983 of e-pos jwks@mweb.co.za as jy enige navrae het.

***Gebedsversoeke:***

- Bid vir elkeen in die belydenisgroep
- Bid vir ons huishoudings met tieners.
- Bid vir die vinnige pas tussen Skool, Buitemuurs en die Huis (veral in matriek)
- Bid dat huishoudings tyd met mekaar sal spandeer en ook saam kan
- gesels oor God en Geloof.

"*En hierdie woord is die boodskap van die geloof, en dit is wat ons verkondig: As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered.*"

Romeine 10:8-10